

Sondag 3 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 3:1-20

Fokusgedeelte: Genesis 3:15

God se heel eerste belofte!

Hierdie is die mees tragiese, maar ook een van die troosrykste gedeeltes in die Bybel. Adam en Eva doen die verskriklikste en mees onherroeplike ding wat 'n mens ooit tydens die geskiedenis van die huidige skepping kon doen – SONDE!

Hulle daad is nie omkeerbaar nie, nie uitwisbaar nie, kan nie ongedaan gemaak word nie. Nog erger – dit laat al die onskuld wat enige mens ná hulle ooit sou kon begeer, onherroeplik en finaal verdwyn. In 'n enkele daad is die mensdom verdoem en geen mens sou ooit weer vanuit sy/haar natuurlike menswees vanself by God kan uitkom nie. Vir ewig op pad na die ewige dood!

Maar ... God gryp in! Al sal daar van nou af voortdurende vyandskap tussen die mens en die duiwel wees, en al sal die duiwel van daardie oomblik af voortdurend die mens aan sy hakskeen, sy mees kwesbare plek byt, BELOWE God dat daar Een sal kom wat die duiwel, die hoofbron van alle kwaad, die direkte teëstander van God, se kop sal vermorsel.

Dit is wat God belowe Hy sal doen ten einde sy ooreenkoms of verbond met die mens in stand te hou.

Nie in ons teks, en trouens nêrens in die Bybel, word die mens se deel van die verbond uitgestippel nie. Trouens, met die sondeval het die mens sy status as “ander party” in die verbond verloor – God kan eenvoudig nie meer op die mens se woord, ooreenkoms of belofte staatmaak nie!

God hou sy Woord, en stuur die WOORD, sy eniggebore Seun, om uiteindelik die kop van die slang te vermorsel met sy oorwinnning op Golgota! God hou sy verbond in stand, Hy hou sy belofte, nieteenstaande die vernietigende krag van die sondeval!

Wie kan dan ondankbaar, onvergenoegd en kop-onderstebo lewe? Nee, ons gee onself daaglik as 'n lewende, heilige en welgevallige offer aan ons getroue en Drie-Enige God!

Sing: Psalm 107-1:1

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)